NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Internasionaliseringsbeleid

Verwysingsnommer	2P/2.8
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Adjunkvisekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie
Beleideienaar	Direkteur: Internasionale Skakeling
Verantwoordelike afdeling	Internasionalisering
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	22 November 2013
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2015
Dokumentasie t.o.v. hierdie beleid	Sien paragraaf 7
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules
Adres op die beleid-databasis	RMA SHARE:\2. Management\2.1.3 Policy development and review\2.1.3.2 Review\Database\Policy documents\2P-2.8_Internationalisation_e.docm

Internasionaliseringsbeleid

1 Aanhef

As ŉ toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met ŉ unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie Internasionaliseringsbeleid op 22 November 2013 aanvaar.

2 Rasionaal

Die NWU se missie is om ŉ gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, en om sy kundigheid op ŉ innoverende manier te implementeer. Met hierdie doel voor oë wil ons verseker dat die NWU een van die top-studiebestemmings is vir navorsers en studente uit Afrika sowel as die res van die internasionale arena.

Internasionale onderwysaktiwiteite behoort nie net as belangrik gesien te word binne die baie nou konteks van addisionele inkomste wat vir die NWU verdien kan word nie. Alle aspekte van ŉ geskikte reeks goedgekeurde geïnstitusionaliseerde strategieë, gefokus op die verwesenliking van ons gestelde visie en missie, is hier van veel meer belang deurdat dit akademiese personeel, werknemers én studente doeltreffend blootstel aan alternatiewe navorsing en onderrig-leer-metodes, omstandighede en kulture. Wat dit betref, ondersteun Internasionalisering die voortgesette professionele ontwikkeling van ons akademiese personeel, werknemers en studente, wat die gehalte van onderrig verbeter, akademiese personeel en studente se mobiliteit stimuleer en akademiese personeel sowel as studente voorberei op “globale burgerskap”.

3 Doelwitte

Die NWU is verbind tot internasionalisering en streef derhalwe na wêreldwye erkenning as een van die voorste instansies van hoër onderwys en leer in Afrika.

4 Omvang

Hierdie beleid geld vir alle akademiese personeel, werknemers en student van die NWU.

5 Woordomskrywing

Hierdie beleid gebruik die term “internasionalisering” op ŉ spesifieke manier, nl.:

5.1 Internasionalisering

Dit word aanvaar dat dit nie moontlik is om internasionalisering in sy breër kontekste te definieer nie aangesien dit uiteraard ŉ konstant veranderende verskynsel is. Die hedendaagse literatuur maak gevolglik van ŉ verskeidenheid terme gebruik om uiting te gee aan die konsep van die beliggaming van ŉ gepaste reaksie op globale tegnologiese, politieke, ekonomiese en maatskaplike verandering, met inbegrip van “globalisering”, "internationalisering”, “transnasionalisme”, ens.

Dit spreek dus vanself dat strategieë slegs ontwikkel kan word vir spesifieke aspekte wat in die breër konteks van hierdie verskynsel geïnkorporeer is; vir die doeleindes van hierdie dokument word die term “internasionalisering” dus gedefinieer as aktiwiteite ter bevordering van die volgende gewenste voordele vir die Noordwes-Universiteit:

1. Verbeterde plaaslike kwaliteit in onderrig, leer, navorsing en gemeenskapsverbintenis gebaseer op die toepassing van deskundigheid.
2. Meer internasionale geleenthede vir akademiese personeel, studente en navorsers.
3. Die toenemende produksie van graduandi en nagraadse studente wat enige plek ter wêreld kan werk, leef en sosialiseer.

4. Die toenemende produksie van graduandi en nagraadse studente wat internasionaal kundig en kruiskultureel sensitief is.
5. Addisionele inkomste om ander internasionale aktiwiteite te verbeter en uit te bou.
6. Navorsing en vakkundigheid wat nie net gevorm word deur nasionale, provinsiale en plaaslike oorwegings nie, maar ook deur internasionale kwessies.
7. Die vermoë om 'n beduidende bydrae te lewer tot die nasie se ekonomiese, wetenskaplike en tegnologiese mededingendheid, en om die uitvoer van nasionale onderwysprodukte en dienste in die buiteland te bevorder.
8. Verhef die Universiteit se internasionale profiel en status.
9. Pluk die vrugte van alle aspekte van internasionale betrokkenheid, met inbegrip van die positiewe impak op die NWU se onderrig-leer- en navorsingspraktyke, internasionale beste praktyk en blootstelling aan 'n groot verskeidenheid gebruike en kulture.

6 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die Noordwes-Universiteit om:

1. binne die mandaat van 'n institusionele raamwerk vir internasionalisering te funksioneer;
2. waardegedrewe internasionalisering aan die NWU te organiseer en te bevorder;
3. 'n kultuur van globale bewustheid en waardering vir internasionale perspektiewe en kulturele diversiteit by die NWU en in omliggende streke te bevorder;
4. 'n beoordelingskema tot stand te bring wat die kwantiteit, kwaliteit en waarde van die diverse inisiatiewe m.b.t. internasionalisering op die drie kampusse aanmoedig en meet;
5. strategiese vennootskappe met prominente internasionale hoëronderwysinstansies uit te brei en te intensiveer, insluitende die moontlikheid van gesamentlike en/of dubbele grade, aanlyn kwalifikasies, oop/afstandsleer, uitruilprogramme vir akademiese personeel en/of studente en/of navorsingsamewerkings;
6. internasionaal/globaal relevante navorsing en/of onderrig-leer en/of gemeenskapsverbintenis aan die NWU te bevorder;
7. internasionale geleenthede vir onderwys/navorsing/gemeenskapsbetrokkenheid vir NWU-studente daar te stel, te ontwikkel en te verbeter; en
8. die algemeenheid van prominente internasionale akademici, wêreldklasnavorsers, nagraadse en voorgraadse studente aan die NWU te verhoog en te versterk.

7 Prosedures van toepassing op hierdie Beleid

Die volgende prosedures word deur hierdie beleid beheer:

7.1 Prosedures vir die doeltreffende bestuur van internasionale studente aan die NWU:

Die volgende prosedures (beskikbaar op SHARE) moet gevolg word met die prosessering van buitelanders wat by die Noordwes-Universiteit wil inskryf vir, onder meer, werkswinkels, kortleerprogramme, voorgraadse of nagraadse studies:

Prosedure 1 Verlengde-studietydperk-studente ingevolge 'n ooreenkoms met 'n internasionale vennootinstelling.

Prosedure 2 Korttermynstudietydperk-studente ingevolge 'n ooreenkoms met 'n internasionale vennootinstelling.

Prosedure 3 Onafhanklike verlengde-studietydperk-studente wat vanuit die buiteland aansoek doen.

Prosedure 4 Onafhanklike korttermynstudietydperk-studente wat vanuit die buiteland aansoek doen.

Prosedure 5 Onafhanklike verlengde-studietydperk-studente wat op kampus aansoek doen.

Prosedure 6 Onafhanklike korttermynstudietydperk-studente wat op kampus aansoek doen.

Prosedure 7 Finale voorbereidings wat deur 'n buitelander getref moet word voordat hy/sy in Suid-Afrika arriveer.

Prosedure 8 Registrasieproses vir verlengdetydperk-graadstudies.

Prosedure 9 Registrasieprosedures vir kortleerprogramme/werkswinkels.

7.2 Dokumentasie vir die doeltreffende bestuur van internasionale studente (Beskikbaar op SHARE):

Dokument	Doel	SHARE-lêernaam
Kennisgewings-vorm	Vorm om die Internasionale Kantoor in kennis te stel dat 'n buitelandse student binnekort verwag word.	2.8.1.1_notification_e.docm
Uitnodigingsbrief	Standaardbrief wat aan die internasionale student gestuur word om hom/haar in te lig oor die Internasionale Kantoor se prosedures ens.	2.8.1.2_invitation_e.docm
Bevestigings-vorm	Hierdie vorm dien as bevestiging aan die Internasionale Kantoor dat 'n internasionale student binnekort verwag word.	2.8.1.4_confirmation_e.docm
Datastaat	Hierdie vorm word gebruik om 'n buitelandse student se persoonlike en ander besonderhede vas te lê.	2.8.1.5_datasheet_e.docm
Aftekenings-vorm	Aftekeningsvorm vir die internasionale student om ingevul te word deur die beampte van die Internasionale Kantoor.	2.8.1.6_signoff_e.docm
Verblyfvorm	Vorm om te reël vir die akkommodasie van 'n internasionale student.	2.8.1.7_accommodation_e.docm

8 Rolle en verantwoordelikhede

8.1 Die Rol en Funksie van die Internasionaliseringskantoor (Institusionele Kantoor):

- Koördinering van die ontwikkeling en handhawing van alle tersaaklike strategieë, beleide, planne, reëls en riglyne vir internasionalisering in oorleg met alle betrokke rolspelers, vir goedkeuring deur die Senaat/IB (soos toepaslik) ten einde NWU-teikens vir internasionalisering te behaal.
- Instandhouding van 'n databasis wat alle relevante kontraktuele inligting bevat, wat geredelik beskikbaar is vir bestuursdoeleindes.
- Deurlopende hersiening van bestaande internasionale ooreenkomste.
- Identifikasie en inisiëring van toepaslike samewerkingsooreenkomste met internasionale instansies op institusionele vlak, in noue samewerking met kampusse.
- Identifikasie en koördinering van befondsingsgeleenthede vir internasionale samewerking in noue samewerking met kampusse.
- Koördinering van alle aktiwiteite met betrekking tot internasionalisering oor kampusse heen sowel as institusioneel.
- Normstelling vir internasionalisering en inbed van beste praktyk op alle kampusse sowel as in die Institusionele Kantoor in noue samewerking met die kampusse.
- Monitering van die implementering van alle beleide, planne, reëls en riglyne m.b.t. internasionalisering en versekering van voldoening aan die NWU se Kontrakbestuursbeleid, in noue samewerking met die Regskantoor.
- Koördinering van besoeke aan die Institusionele Bestuur van senior internasionale afgevaardigdes en die behartiging van relevante protokol en ander logistieke reëlings.

8.2 Die Rol en Funksie van die Internasionaliseringskantore op kampusse:

- Ontwikkeling van alle tersaaklike strategieë en planne en implementering van alle beleide, reëls en riglyne vir internasionalisering op kampusse, in oorleg met alle betrokke rolspelers, ten einde NWU-teikens vir internasionalisering te behaal.
- Kommunikasie op kampus van alle relevante strategieë, beleide, planne, reëls, riglyne en besluite van die Universiteit, sowel as ander relevante strukture op die kampus m.b.t. internasionalisering.
- Verspreiding op kampus van inligting m.b.t. internasionalisering.
- Koördinering en bestuur van internasionale samewerkingsaktiwiteite op die kampus.
- Koördinering van alle aktiwiteite met betrekking tot internasionalisering oor alle fakulteite (en hul onderskeie afdelings) heen sowel as institusioneel.
- Interpretasie van norms vir internasionalisering en verslagdoening oor internasionaliseringsaspekte op die kampus.
- ’n Logistieke ondersteuningsfunksie in samewerking/oorleg met die betrokke fakulteit en/of navorsingsentiteit vir die besoek van internasionale personeel en studente vir:
    - Reis- en verblyfreëlings;
    - Visum, studie- en werkpermitte;
    - Vreemdetaalstudie;
    - Toegang tot kampus, fasiliteite en laboratoriums;
    - Oriëntering op kampus sowel as in die buurt;
    - Deelname aan buitemuurse aktiwiteite soos studenteklubs en verenigings, kultuur- en sportgebeurtenisse; en
    - Akademiese ondersteuning soos biblioteektoegang, toegang tot ITS, insluitende erkenning van vorige leer wat betref akademiese en ander sagteware.
- Koördinering van besoeke aan die Kampusbestuur van senior internasionale afgevaardigdes en die behartiging van relevante protokol en ander logistieke reëlings.
- Ontwikkeling van werwingstrategieë vir uitnemende internasionale personeel en studente in oorleg met die kampusviserektore verantwoordelik vir navorsing, kampuswerwingskantore, die Institusionele Direkteur: Internasionaliseringsondersteuning en die institusionele talentkantoor.
- Identifikasie, inisiëring en implementering van toepaslike internasionale samewerkingsooreenkomste en befondsingsgeleenthede op kampus-/fakulteitsvlak, in samewerking met die Institusionele Direkteur: Internasionaliseringsondersteuning.

Oorspronklike gegewens: Nicholas Allen (23445653) SHARE\2P-2.8_Internationalisation_a.docm
27 November 2013

Lêerverwysing: 2P/2.8